Die gevolg van al die dinge is dat ek noual in alles saam met die vrou voel en vreeslik baie van die geslag hou. Ek is ook heeltemal vir vroue-stemreg en wat meer is, ek kry die Boerevrou en lees hom (of is dit 'n haar?)

Die vrouens in die buurt bewonder almal my oulike plan om 'n japanese gordyn te maak, so pronk ek baie keer met Boerevrou se vere, en hoop nog dat Die Boerevrou 'n andere boerevrou vir my sal bring.
—A. D. Coetzee.

* * *



Hierdie ou moeder met haar dogter, klein - dogter en twee agter klein - dogtertjies, is die vrou van Stefanus Oosthuizen wat in 1893 sy wa in die Zeerust distrik, Transvaal, ingespan en getrek het sonder na pad of maats te vra. Al wat hy geweet en gesê het is: "Ek gaan Damaraland toe."

Hy het die dors ook goed deurgekom en die eerste voorlopige verblyfplek was Rietfontein waar haar vyfde dogter (aan haar linkerkant) gebore is. Vandaar het hy Damaraland ingetrek—die hele land deur, tot in Angola. In Angola het hy enige jare gewoon, en in 1895 het hy weer terug gekom na Damaraland.

In die distrik Grootfontein het hy hom met 'n paar van sy kinders gevestig waar hy in 1917 oorlede is.

Die ou moeder is nog gesond en sterk na al die ontberings van die treklewe.

## AFRIKAANSE WOONHUIS.

deur Gerard Moerdijk, A.R.I.B.A.

Hierdie maand gee ons 'n voorbeeld van 'n huis wat ontwerp is vir 'n koue deel van die land. Die woonkamers is so ingerig dat daar die grootste hoeveelheid son kan inkom. Dis alleen die spens, kombuis en badkamer waar geen son inkom nie. Die kombuis is vanself warm genoeg, en hoe koeler 'n spens hoe beter, die badkamer daarenteen moes eigenlik ook son kry, maar dit kan nie goed in hierdie plan ingewerk word nie.

Die eetkamer kry die moreson. Die woonkamer sal in die winter die hele dag son kry, in die somer is die son hoog, dan beskerm die veranda die kamer teen teveel warmte. Die studeerkamer en die vernaamste slaapkamer kry deur die boogvensters die hele dag son. As dit in die somer te warm word, kan 'n gordyn voor in die boog getrek word en die beide syvensters oopgesit word, sodat geen hitte in die kamer kan inkom nie. Die ander twee kamers word die hele middag verwarm, sodat dit nie al te koud sal wees om saans uit te trek nie.

Daar is 'n groot ronde stoep aan die sonkant, gedeelte oop en gedeelte onder dak, sodat mens altyd naar verkiesing, of in die son of in die skaduwee kan sit.

Die woon-gedeelte van die huis is heeltemal privaat van die ontvang-gedeelte, ook die slaapkamers met badkamer is afgesonder. Volgende keer gee ons 'n illustrasie van 'n huis vir 'n warme distrik en dit sal interessant wees om die verskil in behandeling te sien.

(Mnr. Moerdyk is heeltemal bereid om vrae te beantwoord en wenke te gee oor die onderwerp. Nou vra ons ons leseresse om die plan te kritiseer—moontlik siet een en ander iets wat na haar mening verkeerd is in die plan of sy kry 'n gedagte om hier en daar iets te kan byvoeg vir die gerief van die huisvrou of vir versiering van die woning. Mnr. Moerdyk skryf: Baie hang af van die oogpunt waaruit dit beskou word. Gemak, gesondheid, skoonheid, spaarsaamheid, duursaamheid, verkoopbaarheid, ens."

### Boukoste van Huise.

Die eerste ding wat my altyd gevra word in verband met 'n woonhuis is, "Wat kos dit?"

Dit is 'n verstaanbare vraag, maar moeilik om dadelik te beantwoord. Mens kan ewe goed vra "Hoe lank is 'n lyn?"

'n Huis is 'n individuele stuk werk, nie so iets as 'n gestandardeerde motorkar nie. Dis maklik genoeg om die prys van 'n sekere soort motor op te gee, maar 'n huis kos net soveel as wat iemand dit voor wil bou. Die boukoste verskil van tyd tot tyd, ook hang dit af, van die gehalte van huis en plek waar dit gebou word. Om tot 'n ruwe berekening te kom neem ons die kubieke inhoud van die huis en reken dan vir gewone werk dat dit 1s. per kubieke voet kos en vir 'n spesiaal goeie huis reken ons 15d. tot 1s. 6d. Die koste hang af van die grootte van die huis, meer as van die hoeveelheid kamers en daar kom dit by dat 'n goeie uitgewerkte plan baie meer waarde vir geld gee as 'n slegte. B.v. 'n huis van 40 voet by 50 voet sal ongeveer £2,000 kos. Nou is dit moontlik om deur goeie rangskikking 5 groot kamers, kombuis, badkamer en spens in die ruimte te kry en ook bestaan daar planne van die grootte waar alleen drie kamers in is, die res van die ruimte word opgeneem deur nuttelose gange en portale. Daar is vir dieselfde geld baie meer ruimte in 'n dubbel verdieping huis te kry as in 'n enkel verdieping. Waar in 'n enkel verdieping huis sekere ruimte £3,000 sou kos, is dit moontlik om deur goeie planning dieselfde ruimte te verskaf in 'n twee verdieping huis vir £2,000.

Boukoste word steeds hoër. Voor die oorlog kon 'n huis gebou word vir 8d. per kubieke voet. Net na die oorlog was dit 'n moeilike tyd, toe was dit 15d. en nou weer 12d. maar daar is geen twyfel dat dit weer sal opgaan. Tog is ons nog baie beter af as in ander lande. In Amerika b.v. kos 'n huis 2s. tot 2s. 6d. per kubieke voet. Die huis wat hier vir £2,000 gebou kan word, kos daar £4- tot £5,000. Families wat hier in 'n mooi huis sou woon, bly daar in kamers, en selfs bemiddelde mense woon in klein huise en sonder enige voorsiening vir diensbodes. Dis alleen ryk mense wat daar 'n eie woonhuis besit.

As daar nou iemand is wat ideale het om te bou, laat hom self eers die koste uitreken, dan sal daar minder teleurstellinge wees. Mense trek so maklik plannetjies en wil so graag baie ruimte hê, maar terwyl hulle besig is, moet nie vergeet word nie dat elke voet ruimte 1s. kos of elke voet oppervlakte £1.

